

Quo Vadis

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERK IN S.A.

NR 131

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

DIE WEGRAPING



Dit is 'n gewone dag — die middag om sesuur. Kobus, 'n student in sy tweede jaar in ingenieurswese, stoot die voordeur met sy raket oop en word onmiddellik getref deur die skerp reuk van gebrande kos. Instinktief versnel hy na die kombuis en stol in sy spore by die aanskoue van die rokende kastrolle. Terwyl hy desperaat die potte afstamp, roep hy ongeduldig: "Ma . . . mams. . . ons aandete is verkool" .

Dog, slegs 'n doodse stilte begroet hom. Verontwaardig loer hy in die sitkamer, maar sien net die dagblad onordelik van die stoel afhang waar sy vader gewoonlik sit. Dit is vreemd. Vader was tog altyd punteneurig oor die netheid van die sitkamer — veral met die koerante! Iets het beslis gebeur! Hy storm deur die huis, maar vind niks nie. In die badkamerdeur steek hy vas — daar is nog water in die bad. Dit ontstel hom egter nie, maar wel die feit dat sy twee susters se vuil rokkies en nagklere wagtend op die matjie lê! Is hulle dan sonder klere hier uit?

Hy maak die agterdeur oop en sien tot sy verbasing dat die motor nie weg is nie. Die telefoon skel. Dit is Sarie, 'n tikster by 'n prokureursfirma, wat in haar omgang bekend is as 'n ligsinnige en koketterige meise. Sy is duidelik ontsteld: Al haar huismense het spoorloos verdwyn — selfs haar ouma se rolstoel het sy leeg in haar kamer gevind!

Teen die tyd dat dit oor die eter uitgesaai word dat honderdduisende uit alle sosiale stande oor die hele wêreld onverklaarbaar vermis word, weet Kobus reeds wat die oorsaak is, naamlik die WEGRAPING!

DIE OOP BYBEL

'n Paar maande gelede het Kobus sy moeder se Bybel geopend op die eetkamertafel gevind. Daar was dik rooi strepe by Matt. 24:40 en 41 getrek. Hy het dit gelees: "Daar sal twee op die land wees — die een sal aangeneem en die ander verlaat word. Twee vroue sal by die meul maal — die een sal aangeneem en die ander verlaat word". Daarnaas het sy moeder in drukskrif ingevul: "Die wegraping".




"TWE VROUE SAL BY DIE MEUL MAAL; DIE EEN WORD AANGENEEM EN DIE ANDER WORD VERLAAT"

Kobus was onmiddellik geïnteresseerd en het sy moeder daarna uitgevra. Sy het aan hom verduidelik dat die woord "wegraping" ontleen is aan 1 Thess. 4:17. In ons Afrikaanse Bybels staan dat die gelowiges in die wolke weggevoer sal word, maar die oorspronklike betekenis daarvan in die Griekse taal is: *roof* of *wegraap*. Die gelowiges sal dus eintlik "weggeruk" of "weggeraap" word na die hemel. Benewens die vele gesprekke wat hy hierna met sy moeder gevoer het, het sy hom ook leesstof in die hand gestop oor die betrokke onderwerp. Dit was vir hom as 'n knap student nie moeilik om die onderwerp te bemeester en eindelijk ook die leer oor die wegraping te konstrueer nie. Dit het soos volg daaruit gesien:

1. Die eindgebeure sal ingelei word deur die WEGRAPING. Alle ware gelowiges sal onverwags na die hemel weggeruk word. Soos Henog (Gen. 5:21—24) sal hulle net eenvoudig van die aarde verdwyn. Die ware gelowige sal langs die skyngelowige weggeraap word. Soos die twee vroue wat op die land of by die meul sal wees. (Matt. 24).

Omdat die aarde rond is sal die uur van wegraping vir baie in die oggend, vir ander in die middag, nog ander in die aand of selfs laatnag wees. Die vrou sal van haar man weggeroef word terwyl hy nog slaap of die kind van sy bankmaat terwyl hulle in die klas is! So ook in busse, motors, in kantore, banke, op sportvelde en vliegtuie!!



“DAAR SAL TWEE OP DIE LAND WEES; DIE EEN WORD AANGENEEM EN DIE ANDER WORD VERLAAT”

Saam met hulle word ook alle ontslape heiliges (1 Thess. 4:15—17) opgewek uit hulle grafte en meegeneem. Dit staan bekend as die *eerste opstanding*.

2. Omdat Christus beloof het om 'n plek vir sy kinders in die hemel te berei (John. 14:1—3) sal die weggeraaptes vir *sewe jaar* daardie heerlijkheid smaak. Dit word genoem: *Die bruilof van die Lam*.

3. Gedurende hierdie sewe jaar sal God Hom besonder oor die *Jode* ontferm. Aanvanklik sal hulle die Antichris dien wat dan op die aarde sal regeer, maar ten laaste sal hulle tot bekering kom en gevolglik saam met die ander bekeerdes bloedig deur die Antichris vervolgd word.

4. DIE EERSTE WEDERKOMS: Na die sewe jaar (Dan. 9:27) voltooi is, sal Christus en al die heiliges uit die hemel neerdaal om die vervolgte Kerk te kom verlos. Dit is die slag van Armageddon. Nie alleen word die Antichris vernietig nie, maar ook alle ongelowiges.

5. DIE DUSENDJARIGE RYK: Na die vernietiging van die Antichris en goddelose breek 'n duisend jaar van volle vrede en geluksaligheid aan. Ook die nuwe Jerusalem (Openb. 21) daal nou neer en God woon sigbaar en persoonlik by die heiliges op aarde!

6. DIE TWEEDE WEDERKOMS: Na die duisend jaar voleindig is word die Satan ontsind en alle goddelose word dan uit die dode opgewek. Dit word die *tweede opstanding* genoem. Weereens breek daar 'n bloedige vervolging teen die Kerk van die Here uit, maar hieraan word spoedig 'n finale einde gemaak met die *tweede* wederkoms van Christus!



KOBUS BEGIN TWYFEL

As student is Kobus daaraan gewoond om alles krities wetenskaplik te benader. Hy glo alles onvoorwaardelik wat in die heilige Skrif staan, maar sy probleem is dat die mense die Bybel so verskillend verklaar en vertolk. Daarom besluit Kobus om nie net te lees en te glo wat sy moeder hom vertel het nie, maar ook ander sieninge te bestudeer. Ek moet tog

immers *verantwoord* wat ek glo en bely — het hy by homself gedink. Ek durf nie net iets glo omdat my ma so sê nie of net omdat dit so kinderlik vroom klink nie.

Wat Kobus van die begin af gehinder het, was dat hy nêrens in die Skrif van *twee* wederkomste lees nie. Nie eers die geringste aanduiding daarvan nie! En wat meer is, waarom sal Christus vir 1 000 jaar op hierdie gebroke en onvolmaakte wêreld kom woon? Die einddoel is tog 'n volmaakte lewe in die *nuwe* hemel en aarde! As Jesus egter tog sou kom, sal Hy dan oor die TV praat en met ons makro-stralers reis?

KOBUS SE BESWARE


Sover Kobus kan sien vorm die nuwe Jerusalem deel van die nuwe hemel en aarde — volgens Openb. 21:2. Dit is tog onmoontlik om dit daaruit te ruk en dit 'n plek te gee gedurende die duisend jaar op aarde.

Die duisend jaar is nie 'n ryk op aarde nie, maar in die *hemel*. Volgens Openb. 20:4 is dit *siele* wat *onthoof* is wat saam met Christus die 1 000 jaar regeer. Dus, die *ontslape heiliges* wat in die hemele leef en regeer!

Voorts kan Kobus nie die *doel* van die wegraping insien nie. Die ontslape heiliges is reeds by die Here! Hoe kan hulle nou deel hê aan die eerste opstanding en na God weggeraap word as hulle reeds daar is??

Ten slotte, die *tweede opstanding*: Waar lees 'n mens daarvan? En hoe moet ons ons dit voorstel? Sal Hitler, keiser Nero, Stalin, koning Herodes en vele ander hulle dan meteens lewend op die aarde bevind ná die 1 000 jaar??

VLIEËNDE PIERINGS



Die hele skema van die wegraping is vir Kobus te veel van 'n menslike fantasie. Jou verbeelding moet goed werk om dit te glo! Kobus het gereeld na "Alpha 1999" gekyk, maar hy het hom verstom hoe baie mense werklik glo dat daar op ander planete lewe bestaan wat ons duisende jare vooruit is. Hoewel menige bewus is van die rapport (van 2000 bls.) van 'n Senaatskommissie van die V.S.A. waar-in onteenseglik alle bewerings van vreemde tydtolle en vlieënde pierings wat ons aarde bespied, weêrlê is, is daar tog miljoene wat dié dinge glo. Waarom? Wel, dit is interessant en sensasioneel. Hoe saai sou die lewe nie wees sonder die moontlikheid van vreemde wesens nie!

Nou wonder Kobus of baie christene nie hulle godsdienst wil optower met die wegraping nie!?

*GLO U AAN VLIEËNDE
PERINGS?*

ONRUS OOR 1 THES. 4:15 – 17

Ten spyte van sy grondige besware bly Kobus onrustig. Sy moeder en ander aanhangers van die wegraping wat hy ken, is sulke vroom en opregte mense! Hy het ook êrens gelees

dat 'n bekende teoloog gesê het dat hulle ons broeders en susters in die Here is en as ons in diskussie met hulle tree, val ons nie hulle *persoon*, maar wel hulle *leer* aan.

Miskien is hulle tog reg — wonder Kobus — want 1 Thess. 4 spreek tog duidelik van 'n "wegvoering" of "wegrapping"!

HYSKRIK WAKKER


Kobus lê en rondrol in sy slaap — hy het 'n nagmerrie: Hy stoot die voordeur met sy raket oop — hy ruik gebrande kos en ontdek dat sy huismense weg is — Sarie skakel hom.

Dan gaan sy oë oop. Hy staan op en loop saggies na die ander slaapvertrekke. Almal is daar! Hy het net gedroom — niemand is weggeruk nie!

Hy skakel sy bedliggie aan en lees 1 Thess. 4 weer aandagtig. Meteens word dit vir hom duidelik — hoe duidelik is dit nie? Drie dinge val hom nou op:

1. **Hier is nie sprake van 'n eerste en tweede opstanding nie.** Paulus skryf net in vers 16 dat "die wat in Christus gesterf het, sal *eerste* opstaan". Die onderskeid is nie tussen *gelowiges* en *goddeloses* nie, maar tussen die *gestorwe* en *lewende* heiliges! Die lewende heiliges sal die gestorwe heiliges nie voor wees nie, want hulle sal *eerste* opstaan. Daarna sal die lewende heiliges saam met hulle weggevoer word (vers 17).
2. **Hierdie "wegvoering" sal nie stil en geheimsinnig plaasvind nie.** Nee, vers 16 lees mos duidelik dat die Here persoonlik sal neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met die geklank van die basuin van God! Dan sal alle heiliges sigbaar — voor die oë van die hele wêreld — met *wolke* opgevoer word na God! Hierdie beskrywing pas tog duidelik by die eindoordeel!
3. **Daar sal 'n "wegvoering" of wegrapping plaasvind.** Ja, maar nie sewe jaar vóór die sogenaamde eerste wederkoms nie, maar wel met die Oordeelsdag — die eerste en *enigste* wederkoms van onse Here! Dan sal nie net die gestorwe heiliges opstaan nie, maar ook die ongelowiges (Openb. 20:12-13). Die gelowiges sal God die lug in tegemoet trek (— die wegrapping), maar die goddelose sal op die aarde uitroep: "Berge val op ons en heuwels bedek ons".

'N ILLUSTRASIE VAN DIE WEGRAPING-FANTASIE



GROTTE

Hy skakel die lig af en klim verlig terug in sy bed. Hy dank God dat sy oë oopgegaan het en

dat hy nou vrede in sy gemoed kan hê. Hy lê en dink aan al die tekste oor die wegraping wat sy moeder hom gegee het, nl. Gen. 5:21—24, Matt. 24:40-41, Luk. 21:36, John. 14:1-3, 1 Thess. 4:15-17 en Openbaring 5:9. Uit geeneen van hierdie tekste kan hy (selfs met die beste wil ter wêreld) 'n wegraping aflei soos wat sy moeder en baie ander hulle dit voorstel nie.

Kobus kon by verskeie geleenthede grotte in Suid- Afrika besoek en dan het hy telkens geglimlag as die gids allerlei voorstellings teen die ruwe rotswande aan die toeriste toon — soos die "troon van Salomo" of "Maria en die Kindjie" of Sneeuwitjie en die dwergies" of "Oom Paul". Sommige van die voorstellings was nogal gangbaar as jy natuurlik 'n goeie verbeelding het! Die meeste egter verg net te veel fantasie van 'n realistiese student wat die grotte om 'n ander rede besoek as die meeste toeriste wat bloot vir vermaak daar is. Hy stel in die grotte as sulks belang — hoe dit gevorm is; hoe diep dit onder die aardkors lê; of daar stalagmiete en stalaktiete is; hoeveel kamers daar is en hoe groot hulle is; hoe is die besondere grotte ontdek en wat is oorspronklik daarin gevind?

Daardie tekste wat sy moeder hom gegee het, laat Kobus nou aan die gidse met hulle voorstelling dink. Die rots- en stalagmietieseformasies is *nie* beelde of afbeeldings nie, maar as jy oor genoeg verbeeldingrykheid beskik kan jy tog allerlei voorstellinge daaruit optower. Netso met die Bybel! Wie sy verbeelding wilde vlugte laat onderneem kan verstommende dinge uit die Skrif fabriseer. Is die leer van die vagevuur 'n "tweede kans" asook die verbod op bloedoortappings nie ook uit die Woord versin nie?

SY MOEDER

Kobus besef dat hy met sy moeder en ander wat soos sy glo sal moet praat. Dit sal nie moeilik wees nie, want hy weet dat hulle diep gelowige en Godvresende mense is! Sy moeder is 'n gevoelsmens en gevolglik ontvanklik vir radikale leerstellinge, maar omdat sy aan God en sy Woord gehoorsaam wil wees, sal sy luister. As sy moet kies tussen wat sy graag *wil* glo en wat God *waarlik* in sy Woord ons leer sal sy, in besef van haar eie swakheid, die laaste kies.

Ja, en daarna sal hulle saam lekker lag oor hulle wilde drome van 'n wegraping sewe jaar voor 'n sogenaamde eerste wederkoms!!

Fanus Heystek Daspoort